**8. SEKTORALE VASSTELLINGS: ARTIKEL 51**

Sektorale vasstellings kan gedoen word om basiese diensvoorwaardes vir werknemers in ‘n sektor of gebied te bepaal.

**9. MONITERING, AFDWINGING EN GEREGTELIKE VERRIGTINGE: ARTIKELS 63 – 81**

9.1 Arbeidsinspekteurs moet werknemers en werkgewers omtrent hul regte en verpligtinge ingevolge indiensnemings wette adviseer. Hulle voer inspeksies uit, ondersoek klagtes en kan persone ondervra en rekords en ander toepaslike dokumente ondersoek, kopieer en verwyder (A. 64 – 66).

9.2 ‘n Inspekteur kan ‘n nakomingsbevel aan ‘n werkgewer wat nie aan die vereistes van die Wet voldoen nie, uitreik. Die werkgewer kan teen die bevel beswaar aanteken by die Direkteur-Generaal van Arbeid, wat, nadat hy vertoë ontvang het, die bevel kan bekragtig, wysig of intrek. Hierdie besluit is onderhewig aan appél by die Arbeidshof (A. 68 – 73).

9.3 Daar mag nie teen werknemers gediskrimineer word wat hulle regte kragtens die Wet uitoefen nie (Artikel 78 – 81).

**10. AANNAME BETREFFENDE WIE ‘N WERKNEMER IS : ARTIKEL 83A**

10.1 ‘n Persoon wat vir ‘n ander persoon werk of aan ‘n ander persoon dienste lewer, word geag ‘n werknemer te wees indien –

(a) sy of haar werkwyse of werkure aan beheer of leiding onderworpe is;

(b) hy of sy deel van die werkgewer se organisasie uitmaak;

(c) hy of sy oor die vorige drie maande minstens 40 uur per maand vir die ander persoon gewerk het;

(d) hy of sy ekonomies van die ander persoon afhanklik is;

(e) hy of sy van sy of haar gereedskap of werkstoerusting voorsien word; of

(f) hy of sy vir slegs een persoon werk of aan slegs een persoon diens lewer.

10.2 Indien een van hierdie faktore aanwesig is, word daar aanvaar dat die persoon ‘n werknemer is totdat die werkgewer bewys dat hy of sy nie is nie.

**11. ALGEMEEN**

Dit is ‘n misdryf om:

(a) ‘n persoon wat ‘n werksaamheid ingevolge hierdie Wet te verrig, te dwarsboom of te poog om hom of haar onbehoorlik te beïnvloed;

(b) enige voorgeskrewe dokument deur middel van bedrog of valse voorwendsels of deur aanbieding of voorlegging van ‘n vals of nagemaakte dokument te verkry of te poog om dit te verkry;

(c) voor te gee om ‘n arbeidsinspekteur of enige ander persoon wat ‘n funksie kragtens die Wet uitoefen, te wees ;

(d) te weier of te versuim om enige wettige vraag gestel deur ‘n arbeidsinspekteur of ‘n ander persoon wat ‘n werksaamheid ingevolge hierdie Wet verrig, volledig te beantwoord;

(e) te weier of te versuim om aan enige wettige versoek van, of wettige bevel deur ‘n arbeidsinspekteur of ‘n ander persoon wat ‘n werksaamheid ingevolge hierdie Wet verrig;

(f) ‘n arbeidsinspekteur of ‘n ander persoon wat ‘n werksaamheid ingevolge hierdie Wet verrig, te belemmer of te dwarsboom (A. 92).